

Gedragkode vir Leerders van **LAERSKOOL BROEDERSTROOM**

1. Inleiding

Die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 belas die SBL van 'n publieke skool met die implementering van 'n Gedragkode vir Leerders. Hierdie dokument is gemik op die ontwikkeling van 'n gedissiplineerde en betekenisvolle omgewing waar opvoeding van leerders effektief gefasiliteer kan word. Hierdie beleid sal die regte van alle individue voorstaan soos vasgelê in die wetsontwerp van Regte in die Konstitusie van Suid-Afrika.

Dit is belangrik om 'n kultuur van onderrig, leer, wedersydse respek, verdraagsaamheid en samewerking in ons skole en die omgewing te beskerm en aan te moedig. Terwyl die staat die plig het om toestande vir die doeltreffende funksionering van die onderwysstelsel daar te stel, moet dit aangevul word met die toegewydheid en aanvaarding van verantwoordelikheid van die ander vennote in die onderwys, soos leerders, opvoeders en ouers. Die aanvaarding van 'n gedragkode by skole is 'n belangrike stap in die rigting van die daarstel van 'n omgewing wat bevorderlik is vir positiewe leer en persoonlike ontwikkeling.

2. Beginsels en Waardes (Regte van Leerders)

- i. Alle leerders en deelnemers sal die demokratiese reg hê tot wettige deelname in besluitneming in sake wat hulle in skoolverband affekteer. Leerders sal die reg hê om goedgekeurde grieweprosedures te volg voor die SBL en die Leerlingraad ten einde griewe aan te spreek en op te los;
- ii. Geen persoon mag op onregverdigte wyse diskrimineer teen 'n leerder wat gelyke behandeling, beskerming en voordele in die wet behoort te geniet nie;
- iii. Respek vir die menslike waardigheid van 'n leerder sal gehandhaaf word en dit sluit in geloof, kultuur en ander beginsels;
- iv. Alle leerders het die reg tot privaatheid en geen persoonlike besittings mag sonder redelike verdenking van hulle ontnem word nie;
- v. Dissipline moet op waardigheid en respek gebaseer wees. Geen leerling mag verneder of op onmenslike wyse behandel word nie;
- vi. Daar sal geen lyfstraf toegelaat word nie;
- vii. Geen leerling mag in afsondering of detensie opgesluit word nie;
- viii. Leerders het die reg tot vryheid van spraak. Let wel: ongehoorsaamheid en beledigings vorm NIE deel van vryheid tot spraak nie. Hierdie vryheid sluit ook die verbreking van ander persone se regte en ontwigting van die skool uit;

- ix. Leerders het 'n reg tot 'n skoon, veilige, kommervrye en gesonde omgewing met skoon water wat bevorderlik is vir opvoeding en onderrig;
- x. Leerders het die reg om van opvoeders te verwag om 'n hoë standaard van persoonlike etiek te handhaaf;
- xi. Die reg tot onderrig sluit in die reg om alle klasse in alle goedgekeurde vakke by te woon asook om gereeld ingelig te word van vordering, om gebruik te maak van alle skoolfasiliteite en om hulle potensiaal ten volle te ontwikkel;
- xii. 'n Swanger leerder mag nie toegang tot 'n skool geweier word nie. Sy mag wel verwys word na 'n Hospitaal skool vir swanger meisies;
- xiii. Die volgende waardes/beginsels van die skool sal ook ondersteun word deur die Gedragskode vir Leerders:
- **Menseregte**
Terwyl ons daarvan bewus is dat ons oor sekere regte beskik in terme van die Grondwet, erken ons dat ander mense soortgelyke regte het en respekteer hulle hierdie regte. Ons erken veral die menswaardigheid en gelykheid van alle mense en onderneem om ons regte so uit te oefen dat ander mense nie deur my optrede benadeel word nie.
 - **Respek vir my onderwyser**
Ons as leerders respekteer ons opvoeders en beloof ons heelhartige samewerking in alle redelike opdragte wat ons van ons opvoeders mag ontvang. Ons respekteer die opvoeders as volwassenes en erken dat hulle opleiding en ervaring ons as leerders tot voordeel kan strek. Daarom onderneem ons om ons volle samewerking aan opvoeders te gee en altyd hoflik teenoor hulle op te tree.
 - **Respek vir nie-onderwyspersoneel en besoekers**
Die bydrae tot die gladde verloop van die skoolorganisasie deur administratiewe personeel en terreinwerker word hoog aangeslaan. Daarom sal ons teenoor hierdie personeel met agting en respek optree. Besoekers aan die skool, soos die IDS, besigheidsmense en ouers, dra die skool se welsyn op die hart en sal met respek en hoflikheid bygestaan word waar nodig.
 - **Erkenning van multi - kulturaliteit en andersheid**
Die Suid-Afrikaanse gemeenskap bestaan uit 'n veelheid van rasse, kulture en gelowe. Ons as leerders aanvaar alle mede-leerders as individue wat soortgelyke ideale en doelwitte as ons mag nastreef, maar dat ons ook ons eie ideale mag hê. Ons respekteer mense se andersheid en sal nie so optree dat hulle menswaardigheid aangetas word nie.
 - **Respek vir die omgewing en skoolfasiliteite**
Die natuurlike omgewing is 'n geskenk van God en ons waardeer die skoolgeboue, klaskamerinhoud en ander fisiese geriewe wat vir ons gebruik beskikbaar gestel is. Ons onderneem om op 'n verantwoordelike wyse daarvan gebruik te maak en, vir sover dit binne ons vermoë is, 'n bydrae tot die instandhouding daarvan te lewer, insluitend om ons ouers aan te moedig om skoolgeld te betaal en aktiwiteite te ondersteun ter uitbreiding van die fisiese fasiliteite.
 - **Gehoorsaamheid aan organisatoriese- en gedragsreëls**

Ons begryp dat 'n skool nie sonder organisatoriese- en gedragsreëls kan funksioneer nie. Daarom lê ons ons neer by die skool se reëls vir leerdergedrag. Ons onderneem om die tydrooster van die skool te eerbiedig deur stiptelik teenwoordig te wees by die aanvang van die skooldag en elke periode waarby ons betrokke is. Ons aanvaar die gesag van die persone in bevel van orde en dissipline in die skool en sal aan toepaslike strawwe onderwerp word indien ek hulle oortree.

▪ **Buitemuurse Aktiwiteite**

Ons as leerders besef die vormingswaarde van sport, kulturele aktiwiteite, akademiese- en sosiale uitstappies en wil graag as 'n aktiewe deelnemer of lojale ondersteuner betrokke wees. Toepaslike kleredrag en 'n netjiese voorkoms by die geleentheid dra by tot die uitbouing van 'n positiewe beeld van ons skool. Ons onderskryf verder die feit dat skoolreëls ook by uitstappies of ander buite-kurrikulêre aangeleentheid moet geld ter wille van die goeie orde en ons skool se goeie naam.

▪ **Voorkoms**

Uniforme skooldrag dra by tot die eenheid van sin en strewe. Die skoolwapen versinnebeeld die gesamentlike strewe van leerders, ouers en personeel. Omdat die skooluniform en gepaardgaande voorkomsreëls tradisionele waardes van die skool en die gemeenskap verteenwoordig, sal ons die skooldrag met trots dra en die voorskrifte van persoonlike voorkoms wat die skooldrag komplementeer, nakom.

▪ **Veiligheid**

Ter wille van ons veiligheid sal ons die gebruiksvoorskrifte vir laboratoria, werksinkels, klaskamerreëls sowel as veiligheidsmaatreëls wat by die onderskeie sportsoorte geld, nakom en eerbiedig. Dieselfde geld vir reëls wat geld vir uitstappies waar ook van busvervoer gebruik gemaak word. Tydens klaswisseling, op die skoolterrein, met uitstappies en op die sportveld sal ons poog om deur ons optrede, nie ons eie of ander persone se veiligheid in gevaar te stel nie.

Daar word ook beklemtoon dat geen medikasie van enige aard aan leerders by die skool verskaf mag word nie. Indien 'n leerder wel enige allergieë het, moet ouers dit skriftelik onder die aandag van die hoof bring en die nodige anti-allergiese middels moet deur die ouers voorsien word (bv. vir bysteek) met die leerder se naam duidelik daarop aangebring.

Indien 'n leerder op die skoolterrein beseer word, sal ouers onmiddellik geskakel word om die leerder na 'n dokter / hospitaal te neem. Ouers sal ook geskakel word indien 'n leerder by die skool siek word. (Diskresie sal deur die hoof en personeel gebruik word om te bepaal of die leerder werklik siek genoeg is om so 'n oproep te regverdig). Leerders mag onder geen omstandighede self hulle ouers vanaf 'n selfoon skakel om hulle te kom haal nie. Die personeel moet te alle tye in kennis gestel word van sodanige siekte, sodat ouers self deur ons geskakel kan word. Ouers se ondersteuning in hierdie verband sal hoog op prys gestel word.

Leerders moet ook deur ouers ingelig word om nooit medikasie van ander leerders te neem nie!

▪ **Akademiese aangeleentheid**

Ons kan alleen baat vind by onderwys indien ons intensief by die leergebeure in die klaskamer betrokke raak. Daarom sal ons, wanneer dit van ons verwag word, positief aan klasaktiwiteite deelneem. Ons keur gedrag af wat ontwrigting op die onderrigproses inwerk. Ons besef ook die waarde van tuiswerk en sal dit getrou doen. Omdat die uitkoms van evaluering vir leerders van groter betekenis as vir die onderwyser is, sal leerders pligsgetrou vir evalueringseleentheid voorberei. Eerlikheid is deel van 'n onkreukbare karakter en daarom sal ons te alle tye honderd persent eerlik wees tydens evaluering en nie verdra dat ander persone oneerlik optree nie.

▪ **Rolpersepsie**

As leerders is ons ook daarvoor verantwoordelik om 'n bydrae te lewer tot die ordelike verloop van gebeure by en na skool. Ons het op verskeie vlakke die geleentheid om 'n bydrae te lewer wat skoolbestuur kan verbeter, soos as leerlingraadslid, klasleier, spankaptein en so meer. In watter hoedanigheid ek as leerder ook al dien, moet ek steeds die belange van die skool vooropstel en nie persoonlike begunstiging of bevoordeling soek nie. Ons onderskryf hierdie beginsel en sal te alle tye deur ons optrede, ook buite formele organisasie verband, daarna streef om die skool se etos te bewaar en te versterk.

3. Verantwoordelikhede van Leerders

- i. Leerders moet hulself verbind daartoe om alle werksopdragte uit te voer in klastyd sowel as tuis en om verlore werk in te haal in geval van afwesigheid. Ontwrigting van werk is onaanvaarbaar. Alle leerders het die verantwoordelikheid om te leer en hulle volle potensiaal te ontwikkel;
- ii. Alle leerders is verantwoordelik om na die skool se eiendom om te sien en enige leerder wat dit opsetlik misbruik, beskadig of ontsier, se ouers sal betaal vir die herstelling daarvan;
- iii. Alle leerders het die verantwoordelikheid van gereelde skoolbywoning. Sou dit vir 'n leerder onmoontlik wees om skool by te woon of enige spesifieke dag, moet sy/haar voog/ouer die skool van die redes in kennis stel;
- iv. Die SLR (Skool Verteenwoordigende Leerlingraad) sal die belange van leerders verteenwoordig en ook behoorlike gedrag van leerders aanmoedig. Hulle kan egter nie straf opleë vir ander leerders nie;
- v. Die volgende verantwoordelikhede van leerders is ook duidelik uiteengesit in die Visie en Missie van die skool:

4. Verantwoordelikhede van Ouers m.b.t. die Gedragskode vir Leerders

- i. Die uiteindelijke verantwoordelikheid vir 'n leerder se gedrag berus by die ouer/voog van wie daar verwag word om
 - die skool te ondersteun en om van hulle kinders te verwag om die skoolreëls en regulasies te handhaaf en om verantwoordelikheid te aanvaar vir wangedrag;
 - deel te neem in die kind se opvoeding en seker te maak dat hulle skoolwerk gedoen word;
- ii. vergaderings by te woon wat deur die SBL vir hulle gereël word;
- iii. regsaksie te mag neem teen enige persoon wie die regte van sy/haar kind skend.

5. Skooldrag:

a) Seuns (somer):

- i. Kort grys broek.
- ii. Ligblou hemp met skoolwapen op.
- iii. Swart skoolskoene en grys lang kouse (sonder strepies en knie hoogte). Die seuns mag nog steeds kaalvoet skool toe kom.

b) Dogters (somer):

- i. Navy broekrompie (beskikbaar by die Skool).

- ii. Ligblou hemp (soos seuns) met skoolwapen op.
- iii. Swart skoolskoene en wit kort kouse. Die dogters mag nog steeds kaalvoet skool toe kom.
- iv. Dogters se rompies mag nie korter wees as 4 vingers bo haar knie nie.

c) Seuns en dogters (winter):

- i. Grys langbroek.
- ii. Ligblou langmouhemp.
- iii. Grys lang kouse.
- iv. Swart skoolskoene.
- v. Navy dri - mac (soos tans).
- vi. Trui (navy) (beskikbaar by die skool).
- vii. Broedies "beanie" en serp

d) Vrydae:

- i. Broedie drag (ook in die winter met langmou Broedie hemp. Dit is steeds by die skool beskikbaar, maar die drag word slegs **VRYDAE** gedra.)
- ii. In die SOMER is dit 'n kort denimbroek (sonder enige versierings), Broedies t-hemp en kaalvoet.
- iii. In die WINTER dra hulle 'n lang denimbroek (sonder enige versierings), langmou Broedie hemp en wit, swart of blou sport tekkies met wit skoenrieme en wit kouse.

e) Leerlingraad:

Seuns (somer):

- i. Kort grys broek.
- ii. Withemp met skoolwapen op.
- iii. Swart skoolskoene en grys lang kouse (sonder strepies en knie hoogte). Die seuns mag nog steeds kaalvoet skool toe kom.

Dogters (somer):

- i. Navy broekrompie (beskikbaar by die Skool)
- ii. Wit hemp (soos seuns) met skoolwapen op.
- iii. Swart skoolskoene en wit kort kouse. Die dogters mag nog steeds kaalvoet skool toe kom.
- iv. Dogters se rompies mag nie korter wees as 4 vingers bo haar knie nie.

Seuns en dogters (winter):

- i. Grys langbroek
- ii. Wit langmouhemp.
- iii. Grys lang kouse
- iv. Swart skoolskoene
- v. Navy dri - mac (soos tans)
- vi. Trui (navy) (beskikbaar by die Skool).
- vii. Broedies "beanie" en serp

6. Haarrëels:

Seuns

Die seuns moet aan die volgende voorskrifte vir hulle haarstyle voldoen:

Wanneer die hare afgekam word:

- i. Mag die kante nie oor die ore hang nie.
- ii. Indien hare vorentoe gekam word oor die voorkop, mag dit nie die wenkbroue raak nie.
- iii. Agter - nie dikker as twee vingerbreedtes nie.
- iv. Geen "vreemde" of onkonvensionele haarstyle word toegelaat nie. ("mow hack" haarstyle ingesluit).
- v. Indien hare geskeer word, mag 'n lang kuif nie daarby gedra word nie.
- vi. Hare mag nie gekleur of gebleik word nie.
- vii. Geen eksamen, kompetisie, funksie of opvoerings word as verskoning aanvaar om hare te laat groei of om skooldragreëls te oortree nie.
- viii. Geen oormatige jel of mousse mag gebruik word nie, ook nie enige middel wat 'n nat of gepluisde voorkoms verleen nie.

Dogters

Die dogters moet aan die volgende voorskrifte vir hulle haarstyle voldoen:

- i. Hare moet altyd netjies wees.
- ii. 'n Paslike styl vir 'n skooldogter wat 'n uniform dra.
- iii. Hare wat aan die hemskraag raak moet netjies vasgebind word.
- iv. Hare wat langer is moet behoorlik vasgemaak word.
- v. Geen opgeskeerde snitte of lang kuiwe wat in oë hang word toegelaat nie.

- vi. Haarlinte, rekkies, bolletjies, knippies en haarbande in die skoolkleure mag gedra word. (Wit, donkerblou en geel, bruin en swart.)
- vii. Die hare mag nêrens toingrig, punterig of in slierte hang nie.
- viii. Onder geen omstandighede mag hare gekleur word nie.
- ix. Geen kuif mag oor die wenkbroue hang.
- x. Geen oormatige jel of mousse mag gebruik word nie, of enige middel wat 'n nat of gepluisde voorkoms verleen nie.
- xi. Geen eksamen, kompetisie, funksie of opvoerings word as verskoning aanvaar om hare te laat groei of om skooldragreëls te oortree nie.

7. Tasse:

- i. 'n Stewige tas met rakkies is 'n vereiste. Goeie kwaliteit is 'n vereiste, want dit is nodig om die boeke te alle tyd te beskerm en op te pas na elke leerder se vermoë,
- ii. Geen wioletjie tasse mag gebruik word nie.
- iii. Verkieslik 'n navy blou tas wat inpas by die skoolkleure.

8. Die uitvoering van skoolreëls

- i. 'n Opvoeder sal dieselfde regte as 'n ouer hê om 'n leerling te dissiplineer en te beheer gedurende skoolaktiwiteite;
- ii. Leerders sal betrokke wees by die opstel en nasien van skoolreëls op die volgende wyse:
 - Die verandering/byvoegings sal met leerlinge bespreek word tydens 'n sekere periode bv. Lewensoriëntering periodes of ander tye soos deur die hoof en personeel gereël.
 - Die inhoud van die Gedragskode sal wyd gepubliseer word reg deur die skoolgemeenskap;
 - Onkunde van die reëls sal 'n onaanvaarbare verskoning wees;
 - Die dissiplineringsproses sal vinnig, billik, regverdig, korrekatief, konsekwent en opvoedkundig geskied. Dit sal korrekatief wees of as strafoplegging aan 'n oortreder wie die gevolge moet dra van sy/haar daade ten einde orde in die skool te handhaaf.
- iii. Ouers behoort betrokke te wees by die korrektiewe dissiplinerings van leerdergedrag;
- iv. Dissipline van leerders kan nie aan mede-leerders gedelegeer word nie;
- v. Elke opvoeder het die verantwoordelikheid om dissipline te handhaaf by die skool en/of by enige skoolaktiwiteit en mag leerdergedrag aanspreek waar dit ook al nodig mag wees. Laat elke opvoeder die gedragskode vir leerders onderteken, asook die ouer en kind.
- vi. Ernstige wangedrag moet na die Skoolhoof verwys word;
- vii. Korrektiewe prosedures moet die oortreding ooreenkomstig aanspreek en moet strenger raak namate die oortreding herhaal word;

- viii. Waar 'n leerder nie kan inpas by 'n skool nie, mag hy/sy na die skoolhoof verwys word, wie die opvoedkundige ondersteuningsdienste mag inroep en indien dit steeds nie die probleem doeltreffend aanspreek nie, mag die aangeleentheid na die SBL verwys word waarbinne 'n besluit geneem sal word in die beste belang van die kind en ander leerders;
- ix. Leerders sal ook moet verduidelik waarom hulle gedrag as wangedrag bestempel word en waarom strafmaatreëls nodig is;
- x. Die skoolhoof/opvoeder mag waar redelike vermoede bestaan, 'n leerder deursoek vir wapens, vuurwapens, gesteelde eiendom, dwelms of pornografiese materiaal. Dis sal egter gedoen word op sodanige wyse dat die menswaardigheid van die leerder nie benadeel word nie. Waar 'n leerder se persoon deursoek moet word, sal 'n personeellid van dieselfde geslag as die leerder deursoek. 'n Verslag van alle bevindinge sal op rekord gehou word.

9. Kategorie een oortredings: (Roetine en Klasoortredings)

9.1 Die volgende dade word as "gewone oortredings" gereken:

- 1) Boeke vergeet en tuis gelaat word,
- 2) Astrante terugpraat met opvoeder ('back chat'), disrespekvol of parmantig,
- 3) Nalaat of weier om sonder aanvaarbare rede studieverpligtinge, tuiswerk, projekte of opdragte van opvoeder te voltooi, of met die nodige sorg en aandag uit te voer,
- 4) Toetse wat nie deur ouers/voogde geteken word nie,
- 5) Onoplettendheid of kleiner onnodige onderbrekings tydens lesse,
- 6) Laatkom (klas-, skool- en, sportbedrywighede) sonder geldige rede,
- 7) Verbode terreine,
- 8) Vuiltaalgebruik,
- 9) Voorkomsprobleme of verkeerde skooldrag sonder 'n brief ter verduideliking,
- 10) Verontagsaming van voorskrifte vir hare,
- 11) Die dra van ontoelaatbare juweliersware, versierings, grimering, "piercing",
- 12) Afwesigheid van buitemuurse aktiwiteit sonder geldige rede,
- 13) Leuens,
- 14) Onbehoorlike gedrag op stoepe, in die saal, in rye, op die sportveld,
- 15) Rommel strooi en morsigheid,
- 16) Onordelik in rye en tydens klaswisseling,
- 17) Praat uit beurt in klas,

- 18) Praat en eet in die klaskamer / kougom kouery,
- 19) Stampery,
- 20) Woelig in die klaskamer,
- 21) Slaap in die klaskamer,
- 22) Rondlopery gedurende klasure of klaskamer verlaat sonder opvoeder se toestemming,
- 23) Toetse druipe,
- 24) Draal tussen klasverwisseling / lesure/periodes,
- 25) Neerhalende name gebruik teenoor medeleerders, opvoeders en ander personeel- lede van die skool gedurende skoolure en teenoor ander persone terwyl in skooldrag,
- 26) Slordige en onnet voorkoms,
- 27) Hande in sakke,
- 28) Dislojaliteit en benadeling van die skool se belange/beeld,
- 29) Weier om gehoorsaam te wees / om onderwyser(es) se opdrag uit te voer,

Vlak Een Oortredings en Strafprosedure (Los by die skool op / Onderwyser):

- i. Mondelingse teregwyding,
- ii. Strafmaatreëls deur gemagtigde persoon,
- iii. Berading.

Kategorie twee oortredings:

9.2 Die volgende dade word as "kategorie twee oortredings" gereken:

- 1) Herhaaldelike voorkoms van Vlak Een oortredings,
- 2) Ongehoorsaamheid aan Vlak Een strafprosedures,
- 3) Aanhoudende onderbreking van lesse,
- 4) Rassistiese opmerkings / beledigings,
- 5) Oneerlikheid tydens toetse,
- 6) Vervalsing,
- 7) Afknouery,

- 8) Vuil taal (teenoor of in die geselskap van mede-leerders),
- 9) Woede-uitbarstings,
- 10)Arrogansie, onbeskof, terugpraat teenoor opvoeders, nie-opvoeders,
- 11)Bakleiery (nie ernstige aard),
- 12)Wegbly van die skool vir een dag sonder brief van een van die ouers/voogde en/of die voorgeskrewe toestemming,
- 13)Wegbly, padgee of wegglip uit klasse of skool-en sportaktiwiteite sonder die voorgeskrewe toestemming van opvoeders en/of persoon in beheer van aktiwiteit,
- 14)Die skoolterrein verlaat sonder die voorgeskrewe toestemming gedurende amptelike skoolure en/of sosiale funksies deur die skool aangebied,
- 15)Onregmatige toe-eiening van skoleiendom, of eiendom van personeellede/ander leerders, selfs indien die eiendom op die skoolterrein opgetel word,
- 16)Rook gedurende skoolure, amptelike skoolfunksies, sosiale funksies aangebied deur die skool, rook in die openbaar buite die skool terwyl in skooldrag en om in die teenwoordigheid van rokers te wees,
- 17)Afwesigheid van sportbedrywighede sonder die voorgeskrewe toestemming en/of vooraf kennisname van die opvoeder en/of ander partye in beheer van die sportbedrywighede. Sportspanne in die steek laat,
- 18)Swak gedrag in die openbaar terwyl in skooldrag,
- 19)Swak gedrag tydens skoolgeleenthede,
- 20)Vandalisme/graffiti,
- 21)Ontwrig klasse,
- 22)Krap in maat, medeleerder, opvoeder en/of personeellid se tas, eiendom,
- 23)Swak sportmanskap,
- 24)Afbrekende/beledigende opmerkings omtrent die skool en/of sy skoolpersoneel teenoor buite partye,
- 25)Die versuim om skooldrag volgens voorskrif te dra word gedurende skoolure, amptelike skoolfunksies, amptelike skool sportbyeenkomste en buitemuurse byeenkomste deur die skool aangebied,
- 26)Enige onbeskofte, astrante of minagtende houding, optrede of woorde deur 'n leerder teenoor 'n onderwyser of gesagspersoon,
- 27)Weiering om 'n redelike opdrag of versoek deur 'n gesagspersoon te gehoorsaam of aanhitsing van die leerders tot sulke gedrag.

b. Strafoplegging vir gewone oortredings

In geval van gewone oortredings mag die volgende toegepas word:

- i. Verbale of skriftelike waarskuwings deur die opvoeder, DPO of hoof,
- ii. Gekontroleerde skoolwerk bedoel om gedrag te verbeter, gegee met die medewete van ouers/voogde en met die leerder se veiligheid in ag geneem,
- iii. Voer take uit wat die veroordeelde persoon help om te vergoed vir die oortreding,
- iv. Stem saam oor billike vergoeding,
- v. Herstel of vervang beskadigde eiendom,
- vi. Skorsing uit die skool sal as geheel laaste opsie oorweeg word vir herhaaldelike wangedrag en oortredings, nadat alle ander strafmaatreëls misluk het.

Ernstige wangedrag (vlak 3 & 4 oortredings)

9.3 Definisie van Ernstige Wangedrag

Die volgende oortredings word gereken as ernstige oortredings en prosedures om sulke oortredings aan te spreek word in die volgende afdeling uiteengesit:

- 1) Herhaalde gewone oortredings in die vorm van wangedrag,
- 2) Herhaling van kategorie Twee-oortreding,
- 3) Aanranding - (gewoon soos klap, slaan met vuus, skop),
- 4) Verkragting,
- 5) Onsedelike aanranding,
- 6) Seksuele teistering met verswarende omstandighede,
- 7) Aanranding met die intensie om ernstige besering te veroorsaak,
- 8) Algemene aanranding teen 'n opvoeder,
- 9) Ernstige intimidasie op personeel, opvoedkundig sowel as nie-opvoedkundig,
- 10) Kwaadwillige beskadiging van staatseiendom,
- 11) Diefstal of diefstal met verswarende omstandighede,

- 12) Rook (soos nr. 16 by Vlak 2 oortredings),
- 13) Bedrog/bedrieëry,
- 14) Besit van gevaarlike wapens op skool eiendom ('n voorwerp wat die potensiaal het om ernstige liggaamlike beserings te veroorsaak word hier gesien as gevaarlike wapens),
- 15) Die besit, verkoop of misbruik van verbode middels,
- 16) Die besit van obsene materiaal insluitend enige materiaal wat seksuele omgang in enige vorm uitbeeld of weergee,
- 17) Om skoolaktiwiteite hetsy op skoleiendom of elders by te woon onder die invloed van alkohol en/of verbode middels,
- 18) Die besit, verkoop of verbruik van sterk drank op die skoolterrein,
- 19) Die diefstal van eksamen vraestelle of die besit of verkope van eksamenvraestelle,
- 20) Ernstige ontwrigting van skoolroetine,
- 21) Oneerlikheid tydens toetse en eksamens,
- 22) Enige opsetlike daad of nalatigheid waardeur 'n leerder skade aan skoleiendom of eiendom van personeel of medeleerders veroorsaak en/of aanrig,
- 23) Voorvalle van rassehaat/aanval op ander rasse,
- 24) Die gebruik van woorde wat haat, bespotting of minagting teenoor enige personeelid of leerder. Die oortreding word vererger wanneer dit veral gerig word op die ander persoon se ras, geslag, taal, geloof, herkoms of kleur,
- 25) Immorele gedrag en godslastering,
- 26) Saam met een of meer leerders oproerig optree of 'n groep leerders aanhits om hulle oproerig te gedra of skoleiendom te beskadig,
- 27) Enige daad of dreigement of die funksionering van die skool te ontwrig deur fisiese skade aan geboue, toerusting of ander eiendom,
- 28) Enige vorm van openbare onweloweglikheid,
- 29) Ernstige bedreiging, ontwrigting of frustrasie van die leer-en onderrig proses in die klas,
- 30) Enige opsetlike daad of nalatigheid waardeur 'n leerder, skoolpersoneel of leerders blootgestel word aan beserings of lewensverlies.

9.3.1 ***Geregtelike optrede in geval van Ernstige Oortredings***

- a. Die volgende prosedure sal gevolg word waar ernstige oortredings plaasgevind het ten einde 'n regverdigde verhoor van die saak te verseker. Die straf of opskorting van regte of skorsing kan slegs afgedwing word nadat wetlik korrekte prosedure hieronder beskryf, gevolg is,
- b. Enige leerder wat verdink word van die oortreding van enige reël wat tydelike of permanente skorsing regverdig, moet na die skoolhoof gebring word. Die skoolhoof sal die saak aanhoor en dan op die nodige stappe besluit,
- c. Waar 'n leerder aangekla word van 'n ernstige oortreding, moet die skoolhoof die leerder skriftelik in kennis stel van die voorgenome verhoor deur 'n klein dissiplinêre komitee wat sal bestaan uit lede soos bepaal deur die SBL. Hierdie beslissingsraad mag nie intimiderend teenoor die leerder wees nie. In die geval van 'n baie jong leerder, moet spesiale reëlings gemaak word vir die verhoor en die ouers/voogde mag die leerling verteenwoordig,
- d. Die skoolhoof moet 'n skriftelike verslag saamstel vir die Distriks direkteur waarin die besluit om die leerder aan te kla, verduidelik word,
- e. 'n Kopie van die skriftelike klag sal aan die leerder en sy/haar ouers/voogde afgelewer word deur dit persoonlik aan die leerder te oorhandig asook 'n kopie per geregistreerde pos aan die ouers/voogde te stuur by hulle mees onlangse huisadres,
- f. Die aanklag sal aan die leerder die voorreg bied om binne 7 dae 'n skriftelike erkenning of ontkenning op die klag persoonlik te oorhandig of per pos te stuur, en indien die leerder dit verkies, ook 'n skriftelike verduideliking aangaande die ernstige oortreding waarvan hy/sy aangekla is,
- g. Indien 'n leerder skuld erken, hetsy skriftelik of mondelings voor die skoolhoof, sal hy/sy skuldig bevind word aan 'n ernstige oortreding soos aangekla. Let wel: as die skoolhoof van mening is dat die oortreding skorsing regverdig deur die Departementshoof, sal 'n regverdigde verhoor steeds plaasvind ten spyte van die skulderkenning,
- h. By die dissiplinêre verhoor, sal die skoolhoof of 'n beampte wat skriftelik aangewys is deur die Departementshoof, die voorsitterstoel inneem,
- i. In geval waar 'n leerder skuld erken het aan 'n ernstige oortreding, 'n aanbeveling maak vir korrektiewe prosedures wat opgelê moet word, aan die Streekdirekteur van Onderwys. In die geval waar skorsing van 'n leerder aanbeveel word, moet dit aan die Departementshoof gerig word, of
- j. In geval waar 'n leerder skuld ontken aan 'n ernstige oortreding, die klag aanhoor soos hieronder uiteengesit en indien skuld bevind word, 'n aanbeveling maak vir korrektiewe prosedures.
 - a. Die Voorsittende beampte sal skriftelik 'n opvoeder van die skool aanstel as die aanklaer in die verhoor;
 - b. Vir die verhoor moet die leerder 5 dae vooraf ingelig word wat die klag is en dit verstaan. Die skriftelike aanklag moet die tyd, plek en datum van die verhoor aandui;
 - c. By aanhoor van die saak mag die aanklaer die volgende doen:
 - i. Feite aanbied by wyse van skriftelike verklarings of dokumentêre bewyse;
 - ii. Ondervraging van enige getuies;
 - iii. Voer argumente aan in ondersteuning van die aanklag.

- k. By die verhoor sal die leerder die reg hê om 'n persoonlike weergawe te gee en om deur sy/haar ouers/voogde verteenwoordig te word of deur enige persoon deur die leerder genomineer. Hulle sal die reg hê om
- i. aangehoor te word deur onpartydige persone;
 - ii. waardig behandel te word deur die hele verhoor;
 - iii. feite van die leerder aan te bied deur sy/haar verklaring te weergee hetsy skriftelik of mondelings;
 - iv. ander verklarings hetsy skriftelik of mondelings aan te bied ter verdediging van die leerder;
 - v. enige getuies te ondervra wat geroep word in ondersteuning van die klag;
 - vi. toegang te hê tot dokumentêre bewyse gelewer in ondersteuning van die klag;
 - vii. skriftelik in kennis gestel te word van die uitslag as dit tydelike of permanente skorsing is;
 - viii. ingelig te word van die reg om te appelleer by die MEC;
- l. 'n Leerder mag op enige tydstip gedurende die verhoor skuld erken op die aanklag waarna hy/sy skuldig bevind sal word aan 'n ernstige oortreding soos van aangekla;
- m. Na afloop van die verhoor sal die voorsittende beampte uitspraak lewer op die aanklag, in geval van skuldigbevinding met verswarende of versagende omstandighede en aanbevelings doen oor die korrektiewe prosedures wat afdwing moet word,
- n. Die SBL word belas met die rekordhouding van al sulke verhore,
- o. In geval waar 'n besluit geneem word waar skorsing aanbeveel word, moet die SBL die Departementshoof binne 24 uur dienooreenkomstig inlig. Slegs die Departementshoof mag die skorsing bekragtig. Ouers van 'n geskorste leerder mag appelleer teen die besluit van die Departementshoof by die MEC binne 7 dae na die uitspraak,
- p. In die geval van skuldigbevinding van 'n leerder, mag die voorsittende beampte die volgende korrektiewe prosedures afdwing:
- i. vermaning of teregwysing van leerder,
 - ii. oplegging van detensie na normale skoolure vir 'n spesifieke tydperk,
 - iii. opskorting van nie meer as 1 week of vir 'n redelike periode terwyl goedkeuring vir skorsing deur die Departementshoof afgewag word,
 - iv. oplegging van 'n boete van nie meer as R500 wat in die skoolfonds gestort sal word wanneer dit betaal word,
 - v. oplegging van enige ander korrektiewe prosedure behalwe skorsing uit die skool, wat hy/sy redelik mag ag, regverdig en toepaslik tot die omstandighede.
- q. 'n Leerder of sy/haar ouers/voogde mag appelleer teen die uitspraak van die voorsittende beampte en/of die korrektiewe prosedure opgelê deur die Departementshoof,
- r. Die dissiplinêre verrigtinge aangespreek hier sal plaasvind in 'n regverdige, bevorderlike, oop en deursigtige wyse maar met voorbehoud dat die verhoor self geslote sal wees vir alle persone anders as die betrokke partye,
- s. In geval van dissiplinêre oorplasing, moet die Departementshoof vir die leerder plek vind totdat die skoolpligtige ouderdom bereik word,
- t. Die Departementshoof sal 'n skool vind vir 'n geskorste leerder nadat daar saamgestem is dat wettige prosedures gevolg is. Skorsing bly egter die prerogatief van die GDO.

10. Toepassing van tug:

1. Klaskamerreëls: Stap 1

- Toepaslike tugmaatreëls kan deur die hoof, HOD, onderwysers toegepas word.
- Onderwysers is meesal verantwoordelik vir tug toepassing in die klaskamer.

2. Klaskamerreëls: Stap 2

- Ouers van die betrokke leerder sal ingeroep word en saam met die leerder voor die hoof die saak besleg. Die nodige opvoeder sal ook ingeroep word indien nodig. (Indien leerder 'n dissiplinêre brief ontvang, moet die ouer onmiddellik in kennis gestel word d.m.v sms stelsel)

3. Gedragkode : Dissiplinêre verhoor:

- Leerder en die ouers verskyn voor die SBL. Dit sluit die hoof, HOD en die tugkomitee van die Beheerliggaam wat bestaan uit minstens drie lede, in . 'n Sekretaris kan aangewys word. Die tugkomitee verhoor aanklagte teen leerder wat deur die skoolhoof voorgelê word. Leerder kan teen die uitspraak van die tugkomitee appelleer by die Appèlraad wat deur die Voorsitter van die Beheerliggaam saamgestel word, bestaande uit 3 lede. Geen lid van die tugkomitee mag in die Appèlraad dien nie.

4. Gedragkode: Dissiplinêre verhoor - GDO.

- Die leerder verskyn voor die SBL, Hoof, WKOD en Hoofkantoor GDO

10.2 SKORSING EN UITSETTING

1. "Behoudens die SA Skolewet van 1996, artikel 9, kan die beheerliggaam , na 'n regverdige verhoor, 'n leerder skors van bywoning van die skool -
 - as 'n korrektiewe maatreël vir 'n tydperk wat nie een week te bowe gaan nie, of
 - in afwagting van 'n beslissing deur die hoof van die GDO of die leerder uit die skool gesit moet word.
2. 'n Leerder mag uit die skool gesit word slegs -
 - deur die hoof van die GDO, en
 - indien hy of sy na 'n regverdige verhoor skuldig bevind is aan ernstige wangedrag.

Die korrekte prosedure volgens SASA sal gevolg word tydens skorsing en uitsetting van leerders.

Dit sluit ook in:

- i. Gov Gazette vol 487 26/01/2006 no. 28426
- ii. Alg kennisgewing 6903 van 2000 PG 144
- iii. Alg kennisgewing 2591 van 2001 GG 72 May 2001
- iv. SASA 1996 act 84 section 9 (3) 1996
- v. Gedragkode van skool
- vi. Skoolbeleid
- vii. Klaskamer reëls
- viii. Regte en verantwoordelikhede van leerders in publieke skole DoE 2004.

11. Dissiplinêre sanksies:

1. Waarskuwings:

'n Waarskuwing kan as 'n sanksie toegepas word op sig self, asook by implikasie deurdat sekere sanksies 'n waarskuwing by implikasie insluit. Waarskuwings kan varieer in ernstigheidsgraad:

- i. 'n **Mondelinge waarskuwing** kan gegee word sonder dat enige verdere aksie geneem word en is nie 'n formele dissiplinêre sanksie nie.
- ii. 'n **Skriftelike waarskuwing** kan gegee word na afloop van 'n dissiplinêre verhoor. Sekere sanksies soos beskryf in hierdie kode sal as 'n skriftelike waarskuwing impliseer sonder dat daar fisies 'n waarskuwing gegee word. Meermalige skriftelike waarskuwings sal lei tot ernstige waarskuwings.
- iii. 'n **Ernstige waarskuwing** is ook 'n skriftelike waarskuwing. Dit is meer ernstig van aard en moet beskou word as 'n finale waarskuwing, wat ook gegee kan word na afloop van 'n dissiplinêre verhoor. Meermalige waarskuwings kan lei tot skorsing.

2. **Konfiskering van ongematigde items:**

Dit behels die wegneem van ongematigde items wat weer terugbesorg sal word na 'n spesifieke tydperiode asook omskryf soos in die gedragskode (bv. selfone ens.). Ten sy anders gespesifiseer, sal elke item wat gekonfiskeer word as 'n skriftelike waarskuwing geag word. Ouers sal per brief asook SMS in kennis gestel word dat daar items gekonfiskeer is en die nodige reëlings sal in oorleg met die ouers getref word.

3. **Berading:**

Dit behels dat die skool aanbeveel dat die leerder gestuur word vir die nodige berading. Die skool sal die nodige reëlings tref, die ouers sal per brief asook SMS in kennis gestel word en na afloop van die sessie sal die skool 'n volledige verslag ontvang oor die leerder se samewerking asook vordering. Afhangende van die spesifieke situasie, kan die beradingtydsduur gewissel word. Ten sy anders gespesifiseer in 'n verhoor sal elke beradingsessie wat opgelê is, gesien word as 'n skriftelike waarskuwing. (Ten sy anders gemeld, is ouers verantwoordelik vir die kostes wat gepaard gaan met die beradingsessie/s).

4. **Vrywillige skoolverlating:**

Indien 'n leerder se dissiplinêre rekord van so 'n aard is dat skorsing 'n moontlikheid is nadat skorsing tydens 'n verhoor aanbeveel is, kan die skool die leerder asook sy/haar ouers versoek om in belang van beide partye, die skool vrywillig te verlaat. In so 'n geval sal die dissiplinêre aksie wat geneem word gestaak word, en die aanbeveling vir skorsing na die Departement sal teruggetrek word.

5. **Skorsing:**

Skorsing behels dat die leerder verplig sal wees om die skool te verlaat, en is die laaste uitweg wat geneem sal word. Die prosedure wat gevolg word, word in 10.2 omskryf.

12. Toepassing van sanksies:

Die tabel dui aan watter sanksies toegepas kan word t.o.v. die erns van die oortreding asook die dissiplinêre liggaam se bevoegdheid.

Sanksie	Vlak 1 oortreding (Geel brief)	Vlak 2 Oortreding (Oranje brief)	Vlak 3 Oortreding (Rooi brief)
Waarskuwing	X	X	X

Konfiskering	X	X	X
Berading / Mentorskap		X	X
Vrywillige skoolverlating			X
Skorsing			X

13. Bevordering van die Gedragskode vir Leerders

- a. Hierdie beleid moet openlik by die skool vertoon word op die volgende wyses:
 - i. Plasing in die leerder se skool dagboek,
 - ii. Gedurende L.O. periodes aan die begin van elke jaar, word die gedragskode met elke klas mondeling deurgewerk, waarna elke leerder 'n vorm ontvang waarin hy/sy, sowel as die ouers die gedragskode aanvaar/ nie. Hierdie vorm word in elke leerder se profiellêer geplaas (bring die datumstempel aan). Dit is ook belangrik om seker te maak dat alle nuwe leerders (en hul ouers) wat deur die loop van die jaar in die skool inkom, ook die gedragskode vorm onderteken,
- b. Hierdie beleid sal beskikbaar gemaak word vir elke leerder in die amptelike taal van onderrig by registrasie,
- c. Hierdie beleid word in duidelike terme uiteengesit van wat die verwagtinge van die skool is,
- d. Aan elke leerder sal daar aan die begin van elke jaar 'n kopie van die gedragskode oorhandig word (in die dagboek),
- e. Klaskamerreëls moet uitgestal word teen die klaskamermuur tesame met die straf vir elke afsonderlike oortreding – dit moet duidelik uiteengesit en verstaanbaar wees,
- f. Die volgende aksies sal geneem word om aan die leerders duidelik te maak wat van hulle verwag word,
 - i. Laat leerders 'n verklaring uitskryf,
 - ii. Nooi hulle uit om verbeterings/veranderings aan die beleid voor te stel,

Indien opvoeders lyfstraf toedien aan enige leerder, moet die Distrikskantoor onmiddellik in kennis gestel word.

14. Klasdisipline – Pligsversuim

Prosedure

- i. Elke klasonderwyser plaas 'n spesiale vorm in die vooglêer vir aantekening van oortredings. Indien 'n leerling oortree op 'n sekere gebied word die oortreding agter sy/haar naam op die vorm aangeteken. Nadat enige drie oortredings deur 'n leerling begaan is, word die leerling met die lêer na die DPO-kantoor gestuur. Dit geld vir alle vlak 1 oortredings.

- ii. Die DPO voer 'n kort onderhoud met die betrokke leerling en maak 'n aantekening van die leerling se oortreding in die DPO se Algemene dissiplinêr.
- iii. Indien sodanige leerder 'n tweede maal by die DPO aangemeld word, sal hy/sy 'n geel briefie ontvang wat aan die ouer oorhandig moet word (DPO bevestig telefonies met ouers).
- iv. By oortreding van 'n meer ernstige aard (vlak twee en drie) word die leerder tydelik geskors deur die Hoof. Leerling moet in DPO-kantoor wag totdat sy/haar saak hanteer is.
- v. Tydens die Skool Ondersteuningspan (SOS)-vergadering wat maandeliks gehou word, word personeel versoek om hulle vooglêr saam te bring. Personeel word dan op hoogte gehou van die voorafgaande week se dissipline sake. Ander leerders met afwykende gedrag- of leerprobleme ens. word dan geïdentifiseer om deur die DPO opgevolg te word.

Na herhaaldelike oortreding van vlak 2 en 3 kan 'n dissiplinêre verhoor gehou word.

15. Positiewe Beloningstelsel

Prosedure

Plaas 'n naamlys van u klas in groepverband in vooglêr waar individuele leerders dit kan sien. Leerders word individueel of in groepverband of selfs as klas beloon met 'n gekleurde kol agter sy/haar naam vir volgehoue positiewe gedrag.

Toekennings word gemaak word vir onder andere:

- * Samewerking in 'n groep,
- * Pligsgetrouheid,
- * Hulpvaardigheid,
- * Selfdissipline,
- * Taakuitvoering,
- * Gesindheid of entoesiasme,
- * Norme (toepassing van reëls),
- * Waardes (Taalgebruik en goeie maniere),
- * Algemene betrokkenheid by die skool,
- * Skeurstrokies waar van toepassing betyds terug,
- * Groepprestasie - As die groep as geheel presteer kry elkeen 'n kol.

Bostaande moet nie gesien word as losstaande opskrifte nie, maar as 'n geheelbeeld waarvolgens kinders se dissipline bepaal en vergoed kan word.

Goeie gedrag sal beloon word indien:

- i. Goeie werk gedoen word in die klaskamer - aantekening word gemaak op die leerder se gedragsprofiel.
- ii. 'n **Gedrag sertifikaat** word op maandelikse basis uitgedeel indien:
 - a) die leerder twee of minder negatiewe inskrywings het vir die betrokke maand,
 - b) indien hy / sy gestreef het om waardesisteen na te volg
 - c) 100% skoolbywoning vir die maand het (nodige reëlings moet getref word indien die leerder wel afwesig gaan wees).
 - e) Alle werk/ taak / projekte of opdragte moet volledig voltooi wees vir die maand.

Swak gedrag:

- i. Indien 'n leerder **3 inskrywings** het (ongegag of dit vir huiswerk of wangedrag is), sal hy/sy 'n **waarskuwingsbrief** ontvang wat deur die DPO uitgereik sal word en sal sy / haar ouers ook kennisgewing kry van die brief wat gegee is – hetsy deur 'n SMS of telefoniese gesprek.
- ii. Indien leerder weer **3 inskrywings** kry, sal **ouers ingeroep** word om Hoof, DPO en relevante onderwysers te sien. Optrede sal in oorleg met ouers toegepas word.
- iii. Verdere **dissiplinêre stappe** sal dan in oorleg met SBL gevolg word.

Gedragsprofiel - Gr. 1 - 3:

- i. Plastiese bakkies en "pebbles" word gebruik, wat werk op die beginsel dat die leerder iets verloor as hy gestraf word, maar hy kry ook 'n beloning as hy dit verdien.
- ii. Die pebbles word in 'n bakkie gehou, sodat ander leerders nie kan sien wat in medeleerders se bakkies aangaan nie.
- iii. Die stelsel vind op 'n weeklikse basis plaas, waar die leerders elke Maandag met vyf pebbles begin. Soos die week verloop sal die leerder pebbles bykry of verloor - afhange van sy/haar gedrag. Aan die einde van die week word die pebbles getel en die aantal pebbles wat die leerder het, word op sy/haar dissipline kaart aangeteken vir die betrokke maand.
- iv. Die leerder moet dus probeer om al vyf pebbles te behou of selfs meer te verkry.
- v. Aan die einde van elke maand sal daar na die dissipline blad gekyk word, en indien 'n leerder elke week sy /haar pebbles behou het, sal sy/hy 'n sertifikaat ontvang.
- vi. Aan die einde van die kwartaal kan die leerder 'n pilaarsertifikaatontvang indien hy/sy elke maand sy sertifikaat gekry het.
- vii. Vir meer ernstige oortredings sal die inskrywingstelsel nog steeds geld, tesame met die pebble sisteem.
- viii. Indien 'n leerder herhaaldelik oortree kan 'n inskrywing aan die leerder toegeken word op die leerder se dissipline blad. Hierdie inskrywing is gelykstaande aan drie pebbles.
- ix. Die leerder moet dus harder werk aan sy positiewe gedrag om dan weer in aanmerking te kom vir die sertifikaat.

"ONS WIL EERDER OPGEVOEDE KINDERS LEER"